



Goeie Nuus Good News

NOU REEDS 27 JAAR OUD!

GRATIS
Julie
2025

**AANLYN-UITGAWE
ONLINE EDITION**



Posbus 1957
 Potchefstroom 2520
 Sel: 079 273 4630
www.goodnewsmessage.co.za
 Goeie Nuus Koerant -
 Good News Newspaper



Peace in the Midst of the Storm

Long ago a man sought the perfect picture of peace. Not finding one that satisfied him, he announced a contest to produce this masterpiece. The challenge stirred the imagination of artists everywhere, and paintings arrived from far and wide. Finally the great day of revelation arrived.

The judges uncovered one peaceful scene after another, while the viewers clapped and cheered. The tensions grew. Only two pictures remained veiled.

As a judge pulled the cover from one, a hush fell over the crowd. A mirror-smooth lake reflected lacy, green birches under the soft blush of the evening sky. Along the grassy shore, a flock of sheep grazed undisturbed. Surely this was the winner.

The man who instituted the competition uncovered the second painting himself, and the crowd gasped in surprise. Could this be peace?

A tumultuous waterfall cascaded down a rocky precipice; the crowd could almost feel its cold, penetrating spray. Stormy-gray clouds threatened to explode with lightning, wind and rain. In the midst of the thundering noises and bitter chill, a spindly tree clung to the rocks at the edge of the falls.

Upon closer inspection, though, one notices a little bird which had built a nest in the hollow of a rocky ledge (in the bottom middle of the painting, above the raging river). Content and undisturbed in her stormy surroundings, she rested on her eggs. With her eyes closed and her wings ready to cover her coming little ones, she manifested peace that transcends all Earthly turmoil.

We can find true rest in the Prince of Peace amid life's raging storms. In Him, we can have perfect peace that transcends all understanding.

From: A Wardrobe from the King, Berit Kjos, pp. 45-46.
<https://bible.org/illustration/perfect-picture-peace>



Painting credit: Jack E. Dawson

A SONG IN THE EYE OF THE STORM

As I was reading Psalm 63 this morning, a memory of long ago emerged. Forty-five years ago, when our eldest son had just started school (he never attended kindergarten) he was very insecure. A good Samaritan placed his Volkswagen combi at the disposal of our community and the children were safely transported to and from school. One morning, however, Jaco decided to hide in the laundry instead of boarding the bus. Shortly afterwards, busy in the kitchen, I heard singing from somewhere. It was Jaco's voice. But he was supposed to be at school! I found him hiding behind the washing machine. He never realised that he gave himself away by his singing.

David was hiding in the wilderness, in mortal danger, possibly when he was fleeing from his son, Absalom. However, he made time to be alone with God in worship, crying out for help against the clear and present danger. As usual, David wrote a Psalm, confirming his faith in God's help. "O God, You are my God; I earnestly search for You... in this parched and weary land where there is no water" (v. 1). "Because You are my Helper, I sing for joy in the shadow of Your wings. I cling to You; Your strong right Hand holds me securely" (v. 7,8).

King David often found himself in precarious situations because of his enemies. Yet, he never failed to confirm his faith in the protection of God. He did not strategise or seek his own way out. His plan of action was simply this: "I wait quietly before God, for my victory comes from Him" (Psalm 62:1). This is how he faced his storms: "I will praise You as long as I live; lifting up my hands to You in prayer" (63:4).

Worshipping, even in a dry and parched place fraught with danger became a cocoon for David - like a baby bird hiding in the shelter of its mother's wings. He had learned that even in the most barren of places his spirit can feast, finding nourishment and strength in God's love that is "better than life".

May God's love and protection seep into your heart today and in the most difficult of situations, transforming them into the shelter of His wings. Paul van Gorden says it so well, "We may not dodge the storm, and the winds may still blow. But the Master of wind and wave is on board. We can trust Him. He will either calm the waves or quiet our hearts. We need not nervously pace the deck if the Captain of our salvation is at the helm."

-Helen du Plessis, 083 332 0895.

Op die Kruispad

Ek is gebore gedurende 1944, net ná Wêreldoorlog II. Die land moes weer opgebou word. Moeilike jare. Ek het op 'n plaas grootgeword wat my ouers gehuur het, in die ou Wes-Transvaal. 'n Groot plaas, maar ons was kleinboere, hoofsaaklik met beeste, melk en room, en dan landerye vir eie gebruik en voer. Ek was so 10 jaar oud. Telkemale, elke jaar, was daar 'n veldbrand in die droogte wat die veld afgebrand het tot teen die deurpad op ons plaas, ongeveer 'n kilometer van ons huis af verby, op pad na die dorp toe. Dan moes ons die vlamme gaan doodslaan met takke en nat sakke om die veld te red. In daardie tyd was die meeste boere kleinboere en selfs gemiddelde boere wat alles op die plaas maar self moes hanteer.

Gedurende hierdie tyd het een van my ouer broers kom kuier - hy was met verlof. Toe breek daar weer 'n veldbrand uit, en die vlamme kon in die verte gesien word, kilometers ver oor die rante. Dit is tóé dat my broer 'n fiets gryp en al met die beespaadjies langs gery het die veld in om die vuur te gaan blus. Maar 'n ramp tref hom! In die veld stamp hy sy knie, met 'n ou besering wat hy by die werk opgedoen het, teen die fiets. Daar sit hy in ondraaglike pyn. Hy kan nêrens heen nie. En die vlamme, meters hoog, kom verwoed aangerol, deur die wind voortgedryf. Die vlamme woed voort en beweeg óór hom in sy pyn. So erg was die vlamme dat tot die fiets se bande gebrand het. Hy het ernstige brandwonde opgedoen, want hy kon nie ontvlug nie. Uiteindelik kom hy aangestap en stoot die fiets oor die swartgebrande vlaktes tot by ons huis.

Ons het hom dadelik hospitaal toe geneem, 30 km ver. Dit was 'n traumatiese gesig om te aanskou. In die hospitaal was hy van kop tot tone toegedraai met wit verbande, net sy neus en sy mond het uitgesteek. Dit is nou nog vars in my geheue, 70 jaar later. En hy lê en kreun van die skok en van die pyn.

In hierdie tyd kry my ou moeder 'n droom oor hom, want sy het baie vir hom gebid. In die droom sien sy hom, toe onder verbande, en soos 'n wipplank. Dan sak sy kop af ondertoe asof hy sterwe, dan kom sy kop weer op - op grond van haar gebede. Dan sak die voete weer af, asof hy herstel. Hierdie gebeure herhaal hom 'n paar keer. Sy word wakker en wéét sy moet as moeder nie ophou om vir hom te bid nie. Sy het as kind in die Church of England grootgeword, en op 'n baie jong ouderdom met my pa

getrou. Hy was 'n baie streng en toegewyde Gereformeerde lidmaat. Sy het nie eers geweet van Pinkster- en Charismatiese kerke nie, want dié was daar nog nie toe sy gebore is nie. Maar sy bid... En my broer oorleef. My Pa was ook 'n bidder vir siekes. Hy het 'n hele paar genesings gesien as antwoorde op sy gebede. My broer het deur die vlamme gekom en oorleef op grond van hulle gebede.

En my broer? Hy het deur hierdie vlammehel op 'n kruispad beland. Hoe lyk die kruispad waarop ons almal telkemale beland? Op die kruispad kan jy links draai, of jy kan regs draai. Jy kan vorentoe of jy kan ook agtertoe gaan, maar dan keer jy terug en bly in jou smarte. Die keuse is joune. Jy word nooit 'n willose pion in God se Hand nie. Maar die enigste pad wat eintlik voor jou ooplê, is die pad vorentoe. Al die ander blyk afdraaiopaadjies te wees, om te ontvlug uit jou smarte en pyn. En hoe lyk die pad vorentoe? Dit is net een vlammehel wat aangerol kom om jou te verswelg, en jy voel al die hitte van die vuuroond. My ou broer kon nêrens heen nie, en die vlamme wat van voor af gekom het, het oor hom heen-gegaan.

Hoe lyk jóú kruispad? Dalk moet jy self die Here nog ernstiger aanroep as ooit tevore. Hy sê mos in Sy Woord: *“Roep My aan in die dag van benoudheid: Ek sal jou uithelp, en jy moet My eer”* (Ps. 50:15). My ou swaer, wat 'n pad met die Here geloop het, het ook telkemale op 'n kruispad te staan gekom wanneer groot probleme met van sy kinders opduik. Dan sê hy vir sy vrou: *“It is time to double up.”* Hy het daarmee bedoel dat hulle méér intens moet bid - op hul knieë waar hul die Aangesig van die Here soek totdat die lig deurbreek. Dalk hoor jy by die Here dat jy deur die vuuroond móét gaan, want ook dáár is Hy met jou. Ook dáár sal Hy jou ondersteun, want Hy is groter as die vlamme wat jou wil verswelg. Hy het mag oor die vuurvlamme.

Jesaja 43:2 lees, *“As jy deur die water gaan, is Ek by jou; en deur die riviere - hulle sal jou nie oorstroom nie; as jy deur vuur gaan, sal jy jou nie skroei nie, en die vlam sal jou nie brand nie.”* Dawid het ook in Ps. 23 geskryf: *“Al gaan ek ook in 'n dal van doodskaduwee, ek sal geen onheil vrees nie.”* En ook: *“U sluit my in van agter en van voor, en U lê U Hand op my”* (Ps. 139:5). Versoen jou daarmee dat jy óók soms deur die vuur moet gaan, maar weet dan dat die Here met jou is in die vuurvlamme. In die

hitte van die stryd, wanneer jy nie weet herwaarts of derwaarts nie.

WAT IS DIE VYAND SE MOTIEF IN DIE VUUROOND?
Hy versoek jou ook dáár. Tranebrood word ons toegevoeg. Want die vyand vervolgt God se kinders met die doel om hulle van God te vervreem met leuens. Hý val jou aan in jou vuuroond en sê vir jou jy moet God vloek! Soos Job se vrou vir hom gesê het: *“Vloek God en sterf!”* Hy is die dief. Jesus sê: *“Die dief kom net om te steel en te slag en te verwoes. Ek het gekom, dat hulle lewe en oorvloed kan hê”* (Joh. 10:10). Let op die orde: Hy steel eers die skapie uit die kudde, dra hom weg, dan slag en verwoes hy hom. Daarteenoor kom Jesus en gee lewe in oorvloed. Nie geld en besittings in oorvloed nie, maar lewe, soos ons ook in Psalm 23 lees.

WAT IS GOD SE WERKSAAMHEDE IN DIE VUUROOND?
Hy voed elkeen van Sy kinders met hemelbrood. In die hitte van die stryd, wanneer jy nie weet waarheen nie, is Hy daar vir jou. Paulus leer die kinders van die Here: *“...omdat ek juis hierop vertrou, dat Hy wat 'n goeie werk in julle begin het, dit sal voleindig tot op die dag van Jesus Christus”* (Fil. 1:6). Wanneer het Hy die goeie werk in ons begin? By wedergeboorte, toe ons Jesus as ons Persoonlike Saligmaker aangeneem het en ons opnuut gebore is in die krag van die Heilige Gees. Toe reeds het Sy werk in ons gestalte gevind, deurdat Hy ons sondes vergewe het en vir ons gesê het: *“Gaan heen en sondig nie meer nie.”* Jy is 'n nuwe mens en keer nie weer terug na die ou weë nie. Jy het jou pad gevind, want die Heilige Gees woon in jou.

Die Woord verklaar: *“Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword”* (2 Kor. 5:17). Dit is soos om 'n stel trappe op te klim van wedergeboorte af tot by verheerliking, met Jesus wat my hand vashou en saam met my opklim na boontoe.

Die Here gee my 'n liedjie, net een reël, vier keer gesing: **En Jesus is lief vir my (4X)**. Hy haat my nie, Hy straf my nie, Hy veroordeel my nie, maar Hy help my, want Hy is lief vir my! En Hy dra my waar ek nie meer kan loop nie. Regdeur my storm! En dan kom ek heel anderkant uit!

Paulus skryf aan die Galasiërs: *“Staan dan vas in die vryheid waarmee Christus ons vrygemaak het, en laat julle nie weer onder die juk van diensbaarheid bring nie”* (Gal. 5:1). Vir Paulus gaan dit oor die vryheid om los te kom van die wet. Maar vir elke gelowige kan ons die Woord toepas om vas te staan in die geloof in Jesus Christus. *“Want Ék weet watter gedagtes Ek aangaande julle koester, spreek die HERE, gedagtes van vrede en nie van onheil nie, om julle 'n hoopvolle toekoms te gee. Dan sal julle My aanroep en heengaan en tot My bid, en Ek sal na julle luister. En julle sal My soek en vind as julle na My vra met julle hele hart”* (Jer. 29:11-13).

Gaan op jou knieë en bely jou geloof in Jesus Christus. Dit is ook Sy Naam: *Jahwe is Redder!* Glo dit, bely dit, en beleef jou oorwinning in Jesus se Naam! Hou aan met glo, hou aan met bid tot die lig deurbreek! Amen!

©Dr JJ Venter

“Therefore if anyone is in Christ [that is, grafted in, joined to Him by faith in Him as Saviour], he is a new creature [reborn and renewed by the Holy Spirit]; the old things [the previous moral and spiritual condition] have passed away. Behold, new things have come [because spiritual awakening brings a new life]” (2 Corinthians 5:17).



Die Heerskappy van Jesus Christus

WAAR IS JESUS SE TROON?
Maria kry die volgende woord van die engel Gabriël toe hy haar kom besoek met die nuus dat God haar uitgesoek het om aan Sy Seun geboorte te gee: “Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word; en die Here God sal aan Hom **DIE TROON VAN SY VADER DAWID** gee, en Hy sal koning wees oor die huis van Jakob tot in ewigheid, en aan Sy koninkryk sal daar geen einde wees nie” (Luk. 1:32-33). Hierdie troon spreek van Jesus se heerskappy as Messias, en ook van Sy uiteindelijke heerskappy.

Maar die troon van die Here is ook in die hemel: “Die **HERE** is in Sy heilige paleis; die troon van die **HERE** is in die hemel; Sy oë sien, Sy ooglede toets die mensekinders” (Psalm 11:4). “So sê die **HERE**: Die hemel is My troon en die aarde die voetbank van My voete. Waar is dan die huis wat julle vir My sal bou? En waar die plek wat My rusplek sal wees?” (Jes. 66:1). Hierdie troon in die hemel. Die Seun van God is egter die beeld van die onsienlike God: “Niemand het ooit God gesien

nie; die eniggebore Seun wat in die boesem van die Vader is, dié het Hom verklaar” (Joh. 1:18). “En die Vader wat My gestuur het, Hy het van My getuig. Julle het nog nooit Sy stem gehoor of Sy gedaante gesien nie” (Joh. 5:37).

Wanneer ons dan in die Bybel iemand op die hemelse troon sien sit, dan sien ons die gestalte van die Seun van God, soos Jesaja Hom gesien het: “In die sterfjaar van koning Ussía het ek die Here sien sit op ‘n hoë en verhewe troon, terwyl Sy some die tempel gevul het” (Jes. 6:1). “En bokant die uitspansel wat oor hulle hoof was, was iets wat soos saffiersteen gelyk het, in die gestalte van ‘n troon; en op die troongestalte ‘n gestalte wat soos ‘n mens gelyk het” (Eseg 1:26).

Is dit nie verbasend nie? Voordat die Seun van God vlees geword het, het Sy gestalte al soos dié van ‘n mens gelyk. Dit is ‘n voorafskaduwing van Sy menswording. Eintlik moet ons andersom dink: Die menslike gestalte lyk soos die Seun van God, want ons is in Sy beeld of ewebeeld geskape.

Jesus is beide God en mens. Toe Hy opgevaar het hemel toe, het Hy ‘n verheerlikte liggaam gehad. Hoe word Sy voorkoms beskryf wanneer Hy, ook as Mens, op die hemelse troon gaan sit? Johannes beskryf dit so: “En dadelik was ek in die Gees, en kyk, daar staan ‘n troon in die hemel en Een sit op die troon. En Hy wat daarop sit, het in Sy voorkoms gelyk soos die steen jaspis en sardius; en rondom die troon was ‘n reënboog wat in Sy voorkoms gelyk het soos ‘n smarag” (Op. 4:2-3). “En elke keer as die lewende wesens heerlikheid en eer en danksegging gee aan Hom wat op die troon sit, wat tot in alle ewigheid lewe, val die vier en twintig ouderlinge neer voor Hom wat op die troon sit, en aanbid Hom wat tot in alle ewigheid lewe, en werp hulle krone voor die troon...” (Op. 4:9-10).

Dan sien Johannes dat Hy wat op die troon sit iets in Sy hand hou - ‘n boek wat verseël is met 7 seëls. “En ek het in die regterhand van Hom wat op die troon sit, ‘n boek gesien, van binne en van buite beskrywe en met sewe seëls goed

verseël” (Op. 5:1). Daar was klaarblyklik ‘n soektog na iemand wat waardig is om die seëls oop te maak. Niemand in die hemel of op die aarde of onder die aarde is waardig bevind nie. Johannes het hartverskeurend geweene, totdat ‘n hemelse ouderling vir hom sê dat daar wel iemand gevind is: “Toe sê een van die ouderlinge vir my: Moenie weene nie; kyk, die Leeu wat uit die stam van Juda is, die wortel van Dawid, het oorwin om die boek oop te maak en sy sewe seëls te breek” (Op. 5:5). Daarop sien Johannes Jesus in die hemelse troonkamer: “En ek het gesien, en kyk, in die middel van die troon en die vier lewende wesens en in die mitte van die ouderlinge staan daar ‘n Lam asof Hy geslag is, met sewe horings en sewe oë, wat die sewe Geeste van God is wat uitgestuur is oor die hele aarde. Hy het gekom en die boek geneem uit die regterhand van Hom wat op die troon sit” (Op. 5:6-7). Die Lam staan in die middel van God se troon: “en hulle het met ‘n groot stem geroep en gesê: Heil aan onse God wat op die troon sit, en aan die Lam!”
Vervolg op p. 8

NNANG BATSHWARI BA DITLHAPI! (Become fishers of men!)



DITEMANA
“A ba raya a re: ‘Ntshalang morago, mme ke tla lo dira batshwari ba batho’” (MATHEO 4:19).
“Jesu a ba raya a re: ‘Tlaang lo ntshalang morago! Ke tla dira gore lo nne batshwari ba batho.’” (MAREKO 1:17).
“Mme Jesu a araba a re: ‘Ke a lo bolelela ka re: Fa ba, ba ka didimala, majwe a tla kua’” (LUKA 19:40).

DIKAKANYO
Ke bone nopollo e e reng: “Ba tshware, Modimo o tlaa ba phephafatsa!” Batho botlhe ba ba itseng go tshwara ditlhapi ba tla go bolelela gore go tshwara ditlhapi go monate mme tiro ya go di tlhaba le go di phephafatsa ga e monate. Monkgo wa go phephafatsa ditlhapi ga o monate mme fa o feditse mme o besa mme o ja

tlhapi go monate-nate!

Ka nako fa Jesu a ne a bitsa barutwa ba Gagwe a ne a re o tlaa ba dira batshwari ba batho. Go bolelela batho ka Jesu ke ka ga go amogela Jesu go nna Mopholosi wa bone le go Mophepafatsi wa bone ke sone tiro ya go tshwara batho. O ba tshwara ka go ba bontsha le go ba ruta ka ga tumelo le bophelo jwa motho yo o ipitsang mokeresete. Barutwa ba Jesu ba ne ba tsamaya le Jesu mme ba ithuta ka ga bophelo jwa modumedi. Gape Jesu a ne a ba ruta mme a ba bontsha gore ba dire eng. Fa o le modumedi le wena, o tshwanetse go nna Motshwaraditlhapi. Go na le dikgato di le 4 tse re tshwanetse go di latela go nna batshwaraditlhapi tsa batho.

■ Abelana Efangele: Fela jaaka

batshwaraditlhapi ba latlhela matloa a bone go tshwara ditlhapi, re le Bakeresete re laelwa go abelana molaetsa wa ga Jeso efangedi le ba bangwe, re “tshwara” dipelo tsa batho le go ba tlisa mo pusong ya Modimo.
■ Dira Barutwa: Pitso ya go nna batshwari ba batho e amana thata le Thomo e Kgolo, fa Jeso a laelang balatedi ba gagwe go dira merafe yotlhe barutwa (Matheo 28:18-20).
■ Bopelotelele le Go Itshoka: Go tshwara ditlhapi go tlhoka bopelotelele, maiteko mme ka dinako tse dingwe go thata. Fela jalo, go fitlhelela batho ka efangedi go thata ka gore batho ga ba rate go reetsa le go sokologa mme go ka tlhoka gore o itshoke.
■ Latela Keresete Pele: Motheo wa go nna motshwari wa batho ke go latela Jesu ka namana. Ke fela ka go mo itse le go ithuta mo go ene fa Bakeresete ba ka abelana molaetsa wa gagwe le ba bangwe ka katlego.

Bakeresete ba bileditswe go tlisa ba bangwe kwa go Jeso, mme ke Jeso fela ka boene yo o ka phephafatsang batho mo dibeng tsa bone mme ke Mowa o o Boitshupo o o ka ba fetolang dikakanyo le dipelo. Go ya ka Beibele, madi a ga Jesu - loso lwa gagwe lwa setlhabelo ke one a a tlhatswang boleo le go dira gore batho ba nne phepa fa pele ga



Johan Zerwick
Sêlê ke 083 458 3837

Modimo (1 Johane 1:7, Bahebera 9:13-14). Re tshwanetse go bua le go ruta. Fa re sa dire jalo re tlabo re sa dire se Jesu a se kopileng. Temana ya Luka 19:40 e bile ya re: “Ke a lo bolelela ka re: Fa ba, ba ka didimala, majwe a tla kua.” A re simololeng go dira!

THAPELO
Modimo ke kopa o fe Mokeresete mongwe le mongwe maatla le bopelokgale jwa go bolela le go bontsha batho efangedi ya Gago le maatla a Gago a a pholosang. Re kopa o thuse mongwe le mongwe wa rona gore re ithute lefoko la Gago le go tsamaya le wena mme re bontshe ka maphelo le ka mafoko gore go na le bophelo jo bo siameng, jo bo tlišang kagiso ya jaanong le kagiso ya bophelo jo bo sa khutleng.

God Se Perspektief vs. My Perspektief

Ons wêreld is deurmekaar. Daar is oorloë en konflikte, hongersnood en armoede. Onreg. Selfsug. Wreedheid. Dood. Dit is skokkend, hartseer, neerdrukkend en vermoeiend. Ons voel magteloos... Ook in ons eie lewe ervaar ons soms 'n watermassa van besig-wees en verantwoordelikhede, aanslae van alle kante en skynbaar onoplosbare probleme. Gebroke verhoudinge. Vrees en radeloosheid. En ons wonder baie keer: "Hoe lank nog? Wat sal die uiteinde wees? Hoe sal ek hierdie uitdagings te bowe kom?" Al voel ons soms alleen en geïsoleer, is hierdie ervaring nie uniek nie. Ons sien vele Bybelkarakters wat ook gewroeg het oor verskeie sake. Dink byvoorbeeld aan Barug, die skrywer van Jeremia se profesieë.

Te midde van hardnekkige sonde en rebellie, spreek God van felle oordele oor Israel by monde van die profeet Jeremia. En terwyl Barug skryf, raak hy benoud, moedeloos, en radeloos; maar God het 'n spesiale woord net vir hom: *"Die woord wat die profeet Jeremia vir Barug, seun van Nerija, gesê het toe hy hierdie woorde uit die mond van Jeremia in 'n boekrol geskryf het in die vierde regeringsjaar van Jojakim, seun van Josia, koning van Juda: So sê die Here, die God van Israel oor jou, Barug, 'Jy sê: Wee my! Want die Here het droefheid by my smart gevoeg. Ek is moeg van my gesug, en ek kry geen rus nie.' So moet jy vir hom sê, So sê die Here: 'Ky, wat Ek gebou het, gaan Ek afbreek, en wat Ek geplant het, gaan Ek uitruk - hierdie hele land. En jy, soek jy vir jouself groot dinge? Moet dit nie soek nie, want ky, Ek gaan onheil bring oor alle mense,' is die uitspraak van die Here. 'Maar Ek sal jou lewe vir jou gee as buit, op al die plekke waarheen jy sal gaan'"* (Jer. 45:1-5 DV).

1. MOEITE EN VERDRIET

Ons kan met Barug identifiseer. Die swaarkry en verdriet van ons wêreld is oorweldigend - veral as dit ons persoonlike lewe tref en ons dit nie net op 'n afstand in 'n nuusbuletin sien of in 'n koerant daarvan lees nie. Dit laat ons benoud, omdat ons nie uitkoms sien nie. Ons staan vas teen die skreiende pyn en lyding. Ons soek naarstiglik na antwoorde en vind dit nie altyd nie. Ons het dalk onopgeloste pyn en onbeantwoorde vrae. Politieke onrus, finansiële inperkings, gesondheidsprobleme, vervreemde verhoudings... En ons vra dalk - hoekom? Wie is verantwoordelik? Is daar 'n einddoel met alles? Ons kan dus met Berug identifiseer wanneer hy in die aangesig van God se oordele sê, *"Ek is*

moeg van my gesug, en ek kry geen rus nie." Meer nog, hy blameer God vir al die smarte! Hierdie perspektief herinner ons aan Salomo wat skryf, *"Alles tevergeefs, sê die Prediker, alles tevergeefs, dit is alles tevergeefs!"* (Pred. 1:2 OV). Ons sien ook mense se nood en pynkrete regdeur die Psalms. En wie sal Job se ongelooflike smartrede vergeet?

Dit is egter insiggewend dat die Bybel juis sulke smeekgebede en noodkrete bevat, en dit nie net onder die mat invree nie. Selfs in die lewe van Jesus merk ons dit op: *"Hy wat in die dae van Sy vlees gebede en smeking met sterk geroep en trane aan Hom geoffer het wat Hom uit die dood kon red..."* (Heb. 5:7a OV). Jesus het ook sielsbenoudheid ervaar. Watter pyn en lyding het Hy nie deurleef nie? Gelukkig bly dit nie daar nie. In ons teksgedeelte in Jer. 45 sien ons hoe God vir Barug antwoord. Hy weet wat Barug in sy hart spreek, waarom hy wroeg, waarom hy heimlik tob, en wat hy hardop uitspreek. Hy verstaan waarom ons wroeg. Hy staan nie afsydig nie, en Hy laat ons nie alleen nie. Hy is nie onaangeraak deur onreg nie.


2. GOD SE SOEWEREINITEIT

Ons sien dat Barug sy perspektief na binne rig. Hy is moeg van sy gesug. Hy is verdwaas en oorweldig. Hoewel die Here hierdie emosies erken, skets Hy 'n veel groter prentjie. Hy is die Regter van die wêreld. Hy hou geskiedenis in Sy hand. Wanneer mense ná vele waarskuwings rebels aanhou sondig, sal God hulle onreg straf. Hierdie straf is nie sonder aanleiding, konteks, en rede nie. Al is dit moeilik vir eindige en feilbare mense om dit presies te begryp, is God regverdig en goed, en doen Hy wat reg is: *"Want U het my reg en my regsak behandel; U het gaan sit op die troon, o Regverdige Regter!"* (Psalm 9:5 OV).

Dalk is dit tyd dat ons ons tydelike, eng perspektief prysgee en God vra om ons 'n ewige, heerlike perspektief te gee. *"Daarom gee ons nie moed op nie, maar al vergaan ons uiterlike mens ook, nogtans word die innerlike mens dag ná dag vernuwe. Want ons ligte verdrukking wat vir 'n oomblik is, bewerk vir ons 'n alles oortreffende ewige gewig van heerlijkheid; omdat ons nie let op die sigbare dinge nie, maar op die onsigbare; want die sigbare dinge is tydelik, maar die onsigbare ewig"* (2 Kor. 4:16-18 OV). Ons lewe in 'n gebroke wêreld, en baie dinge lê buite ons beheer. Die finale en volmaakte het egter nog nie aangebreek nie.

Dit is reg dat ons ons kwel oor onreg. So het Lot ook gedoen: *"...En die regverdige Lot gered het, wat hom baie gekwel het oor die losbandige lewe van die sedelose mense; want deur wat hy gesien en gehoor het, het dié regverdige man, wat onder hulle gewoon het, dag vir dag sy regverdige siel gepynig oor hulle wettelose werke - die Here weet om die godsaliges uit versoeking te verlos en die onregverdiges te bewaar vir die dag van oordeel om gestraf te word; en veral die wat die vlees in vuile begeerlikheid agteraloop en die heerskappy verag"* (2 Pet. 2:7-10 OV).

Ons kan op hierdie fondasie bou: God is regverdig en sal aan ons ook reg laat geskied, al moet ons soms wag vir die regte tyd wanneer God die oordeel sal vel. Paulus bemoedig ons, *"Want ek reken dat die lyding van die teenwoordige tyd nie opweeg teen die heerlijkheid wat aan ons geopenbaar sal word nie. Want die skepping wag met reikhalsende verlange op die openbaarmaking van die kinders van God. Want die skepping is aan die nietigheid onderworpe - nie gewillig nie, maar ter wille van Hom wat dit onderwerp het - in die hoop dat ook die skepping self vrygemaak sal word van die slawerny van die verganklikheid tot die vryheid van die heerlijkheid van die kinders van God. Want ons weet dat die hele*



skepping tesame sug en tesame in barensnood is tot nou toe. En nie alleen dit nie, maar ons self ook wat die eersteling van die Gees het, ons sug ook in onself in afwagting van die aanneming tot kinders, naamlik die verlossing van ons liggaam. Want ons is gered in hoop; maar die hoop wat gesien word, is geen hoop nie; want wat iemand sien, waarom hoop hy dit nog? Maar as ons hoop wat ons nie sien nie, dan wag ons daarop met volharding" (Rom. 8:18-25 OV). Paulus deel ons daarna twee waarhede mee: (1) die Gees tree vir ons in en leer ons bid in hierdie tyd van ons vreemdelingskap; (2) God sal alle dinge ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet.

3. HOË DINGE

Die Here gaan voort om Barug te bemoedig. Hoewel Barug terneergedruk en angstig is, en sy perspektief klein is, word hy aangemoedig om nie groot dinge vir homself te soek nie. Hier sien ons 'n rede vir Barug se moeite en verslaentheid. Hy het groot planne gehad, en nou word dit bedreig deur God se oordele.

Dit laat 'n mens dink aan Jesus se woorde wat ons vermaan om ons oë op die geestelike dinge van waarde te hou, en ons nie te bekommer oor materiële dinge nie: *"Wie tog onder julle kan, deur hom te kwel, een el by sy lengte voeg? En wat kwel julle jul oor klere? Let op die lelies van die veld, hoe hulle groei; hulle arbei nie en hulle spin nie; en Ek sê vir julle dat selfs Salomo in al sy heerlijkheid nie bekleed was soos een van hulle nie. As God dan die gras van die veld, wat vandag daar is en môre in 'n oond gegooi word, so bekleed, hoeveel te meer vir julle, kleingelowiges? Daarom moet julle jul nie kwel en sê: Wat sal ons eet, of wat sal ons drink, of wat sal ons aantrek nie? Want na al hierdie dinge soek die heidene; want julle hemelse Vader weet dat julle al hierdie dinge nodig het. Maar soek eers die koninkryk van God en Sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word. Kwel julle dus nie oor môre nie, want môre sal hom oor sy eie dinge kwel. Elke dag het genoeg aan sy eie kwaad"* (Matt. 6:27-34 OV). Paulus skryf, *"Wees eensgesind onder mekaar; moenie na hoë dinge streef nie, maar voeg julle by die nederige; moenie eiewys wees nie"* (Rom. 12:16 OV). Kommentators wys daarop dat die *"hoë dinge"*

Vervolg op p. 5

God Se Perspektief vs. My Perspektief

Vervolg van p. 4
hier verwys na trots - as 'n mens so trots is dat jy ander mense as 'n laer klas sien en nie met hulle wil assosieer nie.

Mag die Here ons help dat ons ambisies en planne met Syne belyn sal wees. Dat ons nie teen Sy wil in sal streef na rykdom, projekte, ontwikkeling, bouwerk, ens. nie. Nie dat hierdie dinge insigself verkeerd is nie. Maar daar is 'n tyd en plek vir alles. En dit sal raadsaam wees om God se wil te ken en ons te onderwerp daaraan. Dit sou nie help dat Barug huise bou en wingerde plant terwyl God van verwoesting spreek nie. Net so moet ons eers ons planne, wat ons baie werk en moeite mag kos en wat dalk menslikgesproke baie logies en lonend kan wees, eers toets aan God se wil.

4. GOD SE RUS TE MIDDE VAN DIE STORM
God spreek laastens met Barug en sê dat Hy aan hom sy lewe as geskenk sal gee. Te midde van oorlog, pes, en dood, sal Barug ontsnap met dit wat die kosbaarste van alles is - sy lewe. Weer eens is dit 'n gans ander perspektief. Barug het dalk gehoop op gemak en welvaart. God sê dat Hy sonde sal straf, maar dat Barug sal ontkom. Die lewe is immers belangriker as materiële dinge; verhoudinge as leë plesiere. Ons kan dus nou tot 'n mate van 'n antwoord kom: te midde van krisis en vervolging, is God daar en sal Hy uitkoms bring. *"In my nood het ek na die Here geroep en Hy het my gebed verhoor"* (Ps. 120:1). Die *Amplified Bible* lui, *"In my distress I cried to the Lord, and He answered me"*. Laat ons op die tweede deel van

Heb. 5:7 let, *"Hy wat in die dae van Sy vlees gebede en smeking met sterk geroep en trane aan Hóm geoffer het wat Hom uit die dood kon red, en ook verhoor is uit die ang"*. God sal ons ook red uit ons ang. Laat ons saam met Paulus te midde van stryd en verdrukking jubel, *"Wat sal ons dan van hierdie dinge sê? As God vír ons is, wie kan teen ons wees? Hy wat selfs Sy Eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir ons almal oor-gegee het, hoe sal Hy nie saam met Hom ons ook alles genadiglik skenk nie?"* (Rom. 8:31-32 OV).

TEN SLOTTE
Ons kan nie ontken dat ons wêreld in die mag van sonde lê nie. Maar ons vind drie belangrike perspektiewe uit hierdie gedeelte: God staan nie afsydig van ons pyn nie, maar weet wat ons deurmaak. Hy heers oor die wêreld

met reg en sal sonde straf. Sy gedagtes en waardes is hoër as dié van mense, sodat dit ons sal baat om eerder Sy wil te soek as ons eie. Laastens is die lewe belangriker as al die dinge en ervarings in ons lewe: *"Want wat baat dit 'n mens as hy die hele wêreld win, maar aan sy siel skade ly? Of wat sal 'n mens gee as losprys vir sy siel?"* (Matt. 16:26). Laat ons dan ons perspektief en aspirasies met God s'n belyn: *"But first and most importantly seek (aim at, strive after) His kingdom and His righteousness [His way of doing and being right - the attitude and character of God], and all these things will be given to you also"* (Matt. 6:33 AMP). Kom ons vind rus in God, en vertrou Hom om alles vir ons ten goede te laat meewerk!

© C Venter

Klein Beginne, Groot Beloftes

"Die werk wat nou aan die gang is, lyk miskien klein en nie waffers nie. Maar moenie die waarde daarvan onderskat nie" (Sagaria 4:10 DB).

Tussen waar jy nou is en waar jy graag wil wees, is daar iets klein. 'n Saadjie. 'n Gedagte. 'n Stukkie gehoorsaamheid. En dit voel dikwels té klein om saak te maak. Ons wil mos eerder groot bewegings hê - onmiddellike antwoorde, sigbare deurbrake, dramatiese verandering. Maar God begin dikwels met iets skaars sigbaar.

Sagaria 4 vertel van die heropbou van die tempel. Die volk het gevoel hulle poging is te klein, te stadig, te swak. Maar God sê: *"Moenie die waarde onderskat van dit wat klein begin nie."* Want dit wat jy as 'nie waffers' beskou, is dalk juis die begin van iets heilig.

God se koninkryk is soos 'n mosterdsaad, sê Jesus. Dis nie groots en indrukwekkend in die begin nie - maar dit groei, stadig, onmerkbaar, totdat dit skadu bied vir ander.

'n Gebed wat jy opsê met bewende woorde.
'n WhatsApp-boodskap wat jy stuur na iemand wat lank stil was.
'n Keuse om vandag liever te wees, eerder as reg te wees.
Dis sulke dinge wat nuwe seisoene plant.

Dalk voel jou lewe nou kaal, neerdrukkend of doelloos. Maar kyk mooi: is daar nie dalk 'n klein begin êrens aan die broei nie? 'n Sprietjie hoop? 'n Vlammetjie geloof? 'n Gedagte wat nie wil stilbly nie? Moenie dit weggooi nie. Moenie dit minag nie. Want God is meesterlik met klein goed. Hy maak reuse van skaapwagters, wyse manne van sterrekykers, en heilige grond van woestyne.

Gebed: Here, ek wil nie meer wag vir groot oomblikke voor ek glo U werk nie. Leer my om U te vertrou in die klein beginne. Help my om vandag getrou te wees met die klein stukkies lig wat U gee. Mag dit groei... in U tyd. Amen.
- Hettie Wessels

MY CUP OVERFLOWS

"The hour is coming, and now is, when the true worshippers will worship the Father in spirit and truth; for the Father is seeking such to worship Him" (John 4:23-24).

The term "worship," like many other great words, lack adequate definition. The meaning of these words, like the exquisite perfume of a rose, or the delightful flavour of honey, is more easily experienced than described.

One person describes "worship" as: "The overflow of a grateful heart under a sense of Divine favour."

Psalm 45:1 in the *Message Bible* reads, *"My heart bursts its banks, spilling beauty and goodness. I pour it out in a poem to The King, shaping the river into words."*

- God's Word and Love in Action





Hendrik van Graan
Susana van Graan
OPTOMETRISTS / OOGKUNDIGES
PETER MOKABALAAN 3 (VAN RIEBEECKSTRAAT 3)
Tel: (018) 294 7666 • Tel: (018) 294 7111
B. Optom: F.O.A. (S.A.) • Praktyknr./Practice No. 7027060



Pick n Pay Van der Hoffpark Potchefstroom

Inspired by you
7 Days a Week!
Monday - Sunday
07:00 - 19:30
Tel: 018 290 6131



Thank you to all our loyal customers for your support!

Rejoicing in Suffering

At a recent church service, I met a man who was in bed with his wife one morning a year or so ago, when their teenage son suddenly appeared in the doorway with a gun in his hand. Without a word, he shot them both. When the mother tried to crawl away, the boy shot her a second time. They both managed to escape and called the police, who came and took their son to a mental hospital. This man and his wife managed to survive that terrible time, but I heard him speak to a group of men about it, and he said that God got his attention through that ordeal. He began to learn things that he had never learned before. I met another man whose son is so mentally disturbed that he has to be kept in a very expensive hospital for treatment which costs \$50 000 a year. I met others who were battling cancer. I was amazed at the number of people struggling with severe problems. **Suffering is something that all Christians are called to experience in one way or another. And yet I suppose there is no question that is more difficult for us to handle than this one: "Why do Christians suffer?"**

Let us turn to Romans 5 to see how to handle Christian suffering. This chapter deals with the results that come in a Christian's life when he or she truly and genuinely believes that God has given him / her the gift of righteousness in Jesus Christ our Lord. If you have been justified by faith, then certain results will be obtained. These results come in various stages, or levels of maturity. The first one is found in verses 1-2: *"Therefore, since we have been justified through faith, we have peace with God through our Lord Jesus Christ, through Whom we have gained access into this grace in which we now stand. And we rejoice in the hope of the glory of God"* (Romans 5:1-2 NIV). **The rejoicing comes immediately. We rejoice because we have a hope for the future, a hope beyond death.** That is the initial and introductory phase of Christian growth. But Paul goes on. Not only is this so, **but there is something more** in verses 3-5: *"Not only so, but we also rejoice in our sufferings, because we know that suffering produces perseverance; perseverance, character; and character, hope. And hope does not disappoint us, because God has poured out His love into our hearts by the Holy Spirit, Whom He has given us"* (Romans 5:3-5 NIV).

It is clear from this that Christians are expected to experience suffering. We don't like that fact, but, nevertheless, it is a fact. In

his letter to the Philippians, the Apostle Paul puts it very plainly, *"For it has been granted to you that for the sake of Christ you should not only believe in Him but also suffer for His sake"* (1:29, RSV).

The Greek word for suffering is translated as "tribulation, something that causes distress." It can range from minor annoyances that we go through every day to major disasters that come sweeping down out of the blue and leave us stricken and smitten. These are the sufferings that we might go through, the tribulations. According to Romans 5, **the Christian response to suffering is to rejoice:** *"Not only so, but we rejoice in our sufferings."* Many people do not want to accept this. But it is instructive to note that this is the unanimous testimony of every writer of the New Testament. First Peter 4:12 says, *"Think it not strange concerning the fiery trial which is coming upon you to test you, as though some strange thing happened to you."* **It is not strange, it is normal.** James 1:2 says, *"Count it all joy, my brethren, when you fall into various tribulation."* Even the Lord Jesus told us in the Sermon on the Mount, *"Blessed are you when men persecute you for righteousness' sake, and say all manner of evil against you falsely, for My sake. Rejoice, and be exceedingly glad, for great is your reward in heaven. For so persecuted they the prophets before you"* (Matthew 5:11-12 KJV).

It is clear from Scripture that rejoicing in suffering is not simply a 'grin and bear it' attitude, or 'tough it out'. Many people pride themselves on how much they can take. Sometimes people who are not Christians will put us to shame by the things that they can take without complaining. There are some people who think "rejoicing in suffering" means that you are to enjoy your pain and hurt, that somehow Christians ought to be glad when a terrible tragedy occurs and their hearts are hurting. Masochists like to torture themselves. That is a twisted, distorted view of life. That is not what Paul is saying. Nor is he saying that we merely are to pretend that we are happy. Christianity is never phony.

Hebrews 12 helps us. It says plainly, *"No discipline for the present is pleasant. But afterwards it yields the peaceable fruit of righteousness to those who have been trained by it"* (12:11). Right at the moment of hurt, you are not going to feel like rejoicing, but it should soon follow that you rejoice in your suffering. And that is what Paul plainly says: *"We*

also rejoice in suffering."

